

BOEKBESPREKING

Die Prediker uit Anatot — J. H. Kroeze. N.G. Kerk-boekhandel, Pretoria 1970.

Die bedoeling van Kroeze met hierdie boek is, volgens 'n aankondiging op die buiteblad, om die profeet „Jeremia nader aan ons te bring en sy woorde duideliker tot ons te laat spreek”. Hierin slaag Kroeze by uitnemendheid omdat hy 'n moeilike Bybelboek met sy kenmerkende helder en duidelike verklarings vir ons inderdaad meer verstaanbaar maak. Dit sou dus onregverdig teenoor die skrywer wees om méér in hierdie boek te soek as dit waarvoor hy dit aanbied. Omdat die aanbieding van só 'n werk egter nie moontlik is sonder om gebruik te maak van stof uit die vakgebiede van die Kanoniek en Openbaringsgeskiedenis nie, wil ons in dié verband enkele opmerkinge maak.

Die indeling van hoofstukke in hierdie boek bevredig, wat my persoonlik betref, nie heeltemal nie. Die Godsopenbaring van Jeremia (Hfst. v), die heilsopenbaring van Jeremia (Hfst. vi) en die groot heilsprofesie van Jeremia (Hfst. vii) word in aparte, selfstandige hoofstukke behandel. By die inhoudsopgawe wek dit die indruk dat die heilsopenbaring en die heilsprofesie nie tuis hoort onder die Godsopenbaring nie. Eers later in die boek motiveer die skrywer hierdie indeling só: „Formeel en logies is die heilsopenbaring van Jeremia 'n onderdeel van die godsopenbaring van Jeremia. Weens die omvang en belangrikheid daarvan sal ons dit egter in hierdie afsonderlike hoofstuk bespreek” (p. 78). Kon hierdie twee hoofstukke (Hfst. vi en vii) nie net so goed as onderdele van die Godsopenbaring van Jeremia (Hfst. v) behandel word, sonder om enigszins afbreuk te doen aan die omvang en belangrikheid daarvan nie?

Insiggewend is die gegewens oor die datering van die boek Jeremia en die chronologiese oorsig van gebeurtenisse waarin die besonderhede van die boek ingepas moet word (Hfst. 1). Dit bring die *aktualiteit* van hierdie Bybelboek na vore, aangesien hieruit duidelik blyk dat die profesieë van Jeremia feitlik die laaste appél van God op Israel moes wees voordat hulle die nag van ballingskap ingaan.

Openbarings-histories gesien geskied die uitoefening van die profetiese beroep in drie groot kringe.

- (i) Beligting van die *verlede* — veral as geskiedskrywing.
- (ii) Beoordeling van die *hede* — veral as vermaning en oproep tot boete.
- (iii) Voorspelling van die *toekoms* — veral as waarskuwing en troos.

Die profetiese werksaamheid van Jeremia t.o.v. (ii) en (iii) kom mooi na vore in hierdie boek en die soms moeilike profesieë van Jeremia word eenvoudig en verstaanbaar weergegee. Die „eien-domlikheid” van die godsopenbaring van Jeremia in verband met die tyd van sy optrede en die gebeurtenisse en toestand van daardie

tyd kan dus getipeer word as 'n beoordeling van die hede (veral as vermaning en oproep tot boete), maar veral 'n voorspelling van die toekoms (in besonder as waarskuwing, maar ook as troos).

Kenmerkend van die lewe van Jeremia as profeet was die spanning tussen die lewe van sy amp en dié van sy persoonlike gevoelens. Prof. Volz skryf in sy kommentaar op Jeremia: „meer dan die andere grote profeten leidde Jeremia een dubbel leven, het leven van zijn ambt, en het leven van zijn persoonlijke gevoelens” (kursivering van my, A.N.H.). Hierdie spanning in die lewe van Jeremia bring Kroeze wel na vore in sy boek. Vgl. o.a. dié uitsprake: „Hoe moeilik en verdrietig moet dit vir die man van lewensvreugde gewees het om ondergang en verwoesting as oordele oor die sondige volk aan te kondig!” (p. 43). „Daar slinger sy siel tussen gehoorsaamheid aan God en medelye met sy volk, tussen wanhoop oor homself en wraak oor sy teëstanders wat intussen sy eie volk is” (p. 41).

Aangesien hierdie spanning in die lewe van Jeremia as profeet egter *meer* intens voorkom as by enige ander profeet en dit dus so kenmerkend eie is aan sy lewe, sou ek graag in Kroeze se boek meer prominensie (miskien by wyse van 'n subhoof in die hoofstuk oor Jeremia se lewe of sy persoonlikheid) aan hierdie aspek van sy profetiese lewe wou sien.

Dit sou miskien in lyn met die bedoeling van die boek („om Jeremia nader aan ons te bring en sy woorde duideliker tot ons te laat spreek”) hierdie treffende gedagte van Veldkamp beter by ons tuisbring: „Wij zullen moeten verstaan, dat wij allen in zekere zin, hetzij persoonlijk, hetzij ambtelijk, met dit probleem van het dubbele leven geconfronteerd worden, niet door hen, die er door heen dartelen, maar er door heen worstelen in de kracht van het geloof. De eigenlijke nood van onze tijd is een tekort aan gelovige durf om te lijden en een teveel aan ongelovige angst om voor gek te worden aangewezen. Wij kiezen de nivellering boven de spanning en missen daarom de vreugden van de overwinning” (H. Veldkamp: „Een dubbel leven”).

Hierdie boek van Kroeze moet egter meer as net aanbeveel word. Vir dié wat meer wil weet van die lewe en werk van Jeremia in die omlysting van sy tyd, is hierdie boek 'n *móét*. Predikante kan met groot vrug gebruik maak van dié werk in hul prediking oor die boek Jeremia. Prof. Kroeze verdien ons dank en gelukwensing met die verskyning van hierdie boek.

A. N. Helberg.
Pretoria.

Leer Liefde Lof deur S. J. Vorster. Uitgewers: Interkerklike Uitgewerstrust. Prys R1,20.

Hierdie werkie is geskryf vir Transvaalse standerd 8-leerlinge wat na hierdie standerd die skool verlaat. Volgens die skrywer is dit egter so opgestel dat dit deur alle jongmense met vrug gebruik kan word. Hierin wil ek graag met die skrywer saamstem.

Die doel van *Leer Liefde Lof* word deur die skrywer soos volg

gestel: „Om die jongmens te laat kennis maak met die skatte van die geloof, soos dit in die Bybel geopenbaar is, word hierdie boekie aangebied as hulp op die geloofspad”.

Ook moet gemeld word dat hierdie leerboek in die reeks van: *Handboeke vir Godsdiensoonderrig*, onder redaksie van die Interkerklike Handboekkommissie, verskyn. Die skrywer is inspekteur in die vak Bybelkunde in Vrystaatse skole.

Leer Liefde Lof bevat 23 lesse, wat volgens onderwerpe soos volg verdeel is: Les 1: Godsdien. Les 2: Die Heilige Skrif. Les 3—10: Die Twaalf Artikels van ons Geloofsbelydenis. Les 11—21: Die Wet van God. Les 22—23: Die gebed.

By die lees van hierdie boek blyk heel gou dat hier 'n onderwyser sowel as 'n kinderlike gelowige aan die woord is.

Pragtig stel hy sy standpunt heel aan die begin. „Die skrywer gaan van die standpunt uit dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is wat gesag dra vir alle lewensterreine”.

Die opset van die lesse beantwoord m.∴ uitstekend aan onderwysvereistes. Daar word deurgaans 'n goeie balans tussen die lengte van die lesse gehandhaaf.

Aan die einde van elke les gee die skrywer 'n kort, maar *waardevolle* samevatting. Daarna volg ewe waardevolle hersieningsvrae met 'n werkopdrag aan die einde.

Wat die inhoud betref, kan met blydskap gemeld word dat hierdie boek in die Gereformeerde tradisie geskryf is. L.J.B.

De Akker is de wereld deur D. K. Wielenga, J. D.-zn. Ton Holland, Amsterdam 1971. Prys f 12,90, bevat 'n negetal opstelle uit die pen van bg. skrywer wat reeds 25 jaar lank lektor is in Sendingwetenskap aan die Teologiese Skool (Vrijgemaakt) te Kampen.

1. *Paulus en Aratus*. Sy uitgangspunt is tereg dat daar diskontinuiteit is tussen die Evangelie soos deur Paulus verkondig en die religieuse inhoud van heidense digkuns (Aratus en Epimenides) uit wie se werke aanhalings gemaak word deur Paulus in Hand. 17. Sy verset teen die idee van 'n algemene genade waarbinne Grosheide in sy Hermeneutiek (bl. 127) dit wil verklaar lei hom egter te ver as hy beweer dat Grosheide „geloofskennis” by die heidense digters veronderstel. Vandaar loop die hele betoog onvolledig omdat: a) hy dit nie sê of die idee van 'n algemene openbaring sou uitloop op religieuse relativisme nie; b) hy die algemene openbaring heeltemal onafgehandel laat; c) hy die afwysing van die Algemene Openbaring deur bv. H. Kraemer ongekwalifiseerd laat.

Die gedeelte oor die inhoud van die evangelieprediking toon tereg 'n radikale afwysing van die nie-Christelike godsdienste aan. Die Teologiese fundering hiervoor in die lig van die algemene openbaring is egter nie indringend nie.

2. In sy *In Statu confessionis* behandel die skrywer simboolvorming op die sendingveld.

Die eerste gedeelte van die artikel is 'n betreklike breedvoerige uiteensetting van die noodsaaklikheid, en veral die sg. reduksie van die belydenisskrifte wat nie net t.o.v. die eenheidstrewa van die kerke besonder aktueel is nie, maar ook en veral vir die jong kerke op die sendingveld.

Sy besorgdheid daaroor dat reduksie afwatering en verswakking inhoud neem tereg 'n heel prominente plek in in sy betoog. Omdat die kerk strydende kerk is, d.w.s. in voortdurende krisissituasie, is dit in Statu confessionis.

Sy besorgdheid oor die verminkende uitwerking van die Moderne Teologie kan nie anders as van harte onderskryf word nie.

Die gedeelte oor simboolvorming op die sendingveld begin met 'n verwysing na die geloofsbelydenis van die Batakse Christelike Protestantse Kerk wat geen reduksie van die ou belydenisskrifte is nie maar 'n selfstandige geloofsbelydenis met 'n artikel oor die sg. voorouergeeste i.p.v. die ketterkatalogus van die Angsburgse Konfessie.

Hy verwys ook na die belydenisgrondslag van die Bond van Evangelies-Lutherse Kerke in Indië wat breër is as bg. van die Batakkerk maar 'n duideliker Lutherse signatuur vertoon soveel so dat wel beswaar en bedenking bestaan dat die Indiese karakter daarin nie tot sy reg kom nie.

Die skrywer het 'n oop oog vir hierdie leemte waarby in wyer verband gevoeg kan word die sterk nadruk wat op die gawes van die Heilige Gees gelê word deur die jong kerke asook die probleme rondom messiaanse separatistiese bewegings.

Ds. W. se konklusie (bl. 56) dat dit gevaarlik is om te spreek van en aan te dring op 'n eie oosterse teologie met eie oosterse simbole op grond daarvan dat die ekumeniese simbole van die ou Christelike kerk vandag nog „hoogst aktueel zijn en de kerk alleen kunnen bewaren bij de leer der apostelen”, dek nie die problematiek nie. 'n Juister standpunt sou wees dat die jong kerk die aan hom oorgelewerde simbole sal behels, ook die sterker konnaessionele simbole, maar daarby vir hom eie simbole opstel. Dus die nuwe sonder in enkele opsig prysgawe van die oue. Dit sal die jong kerk juis sterk in sy stryd teen die sinkretisme. Laastens: die skrywer wil nie graag teoretikus wees nie (bl. 10). Sy afwysing van nasionalisme as iets wat „bestry” moet word op gelyke voet as sinkretisme (bl. 55) is so suiwer teoreties as kan kom. Die nasionalisme as sodanig is geen gevaar vir die jong kerk nie (wel sekere uitwasse van nasionalisme en/of 'n soort van 'n nasionalisering van die kerk) maar is juis die stroom van die volksgroei waarbuite die kerk as vreemd, westers en selfs kolonialisties bejeën sal word.

3. *De plaats van de Handelingen der Apostelen in de openbaringsgeschiedenis van het Nieuwe Testament.* In hierdie juweel-artikel behandel ds. W. in enkele openbaringshistoriese trekke agtereenvolgens: a) die Christusmotief: Christus as sentrale figuur; b) die kerkmotief: die konsolidasie van die kerk, volharding in die leer, beoefening van tug, universaliteit van die kerk en die stryd van die kerk; c) die woordmotief wat behels dat die kerk hom aan die

woord moet onderwerp, dat God die anti-goddelike mag deur Sy Woord en Gees aangryp en ten onder bring sodat dit uitloop op die aanvaarding van die Woord van genade in die Godsryk.

Dit sou m.i. die openbaringshistoriese lyn duideliker gestel het as hy 'n vierde die esgatologiese motief losgemaak van die drie hierbo genoemde ander motiewe.

4. *Iets over de betekenis der vrouw in de strijd om de reformatie der kerk* is 'n populêr-historiese skets.

5. *Van Arnhem tot Berkel*: dieselfde as 5 hierbo.

6. *Pastoraal zelfonderzoek* is 'n mooi homiletiese tot verantwoording roepe aan die adres van bedienaars van die Woord.

7. *Enkele aspekte van Artikel XXV van de Nederlandsche Geeloofsbelijdenis* is 'n merkwaardige studie oor die vervulling van die wette van Israel en die Dekaloog deur Christus.

In die eerste gedeelte dra die skrywer materiaal aan oor die onderwerp: Barth, Schilder, Van Ruler, Van Stempvoort, Joest, Gollwitzer, Wingren, Schlink e.a. Die tetiese deel behartig hy aan die hand van sewe stellings:

- a) dat die inhoud van die bediening van die versoening bepaal word deur die paradysevangelie en nader verklaar word deur die wet en die profete;
- b) die wyse van bg. bediening word beheers deur die gedaante van die kerk in die interimsituasie: Moses-Christus;
- c) na die koms van Christus is die evangelie vervul;
- d) na sy aanvaarding van die hemelse hoëpriesterskap het Christus die gedaante van die kerk verander en so ook die bediening van die versoeking;
- e) die prediking van die versoening is verdiep deur die verhoogde Christus insover hulle lewe gevoer word in die vreugde van die wet;
- f) ten einde bg. bediening te voer tot die volheid van die tye, moet die kerk *ecclesia apostolica* bly;
- g) die volle hemelse liturgiese vreugdebestaan word reeds deur die volk van God beleef in die lof wat aan Hom toegebring word.

Daar kan instemming betuig word met die gees en strekking van die betoog wat neerkom op 'n onderskrywing van art. XXV N.G.B. Die volgende verswak egter die afgerondheid van die studie. Formeel: 'n Aantal kere verwys hy na „belangrijke opmerkingen” wat deur persone gemaak is (bl. 128, 139, 148) sonder om die inhoud weer te gee of dit nader te bespreek.

Materieel: Die kern van die saak word behandel in Stelling II waarin gestel word dat die dekaloo, anders as die mosaïese wet, 'n paradisaie karakter het.

Is dit die enigste fundering? Op bl. 143 stel hy vas dat Van Ruler se teokratiese spekulasies en visioene dopers en spiritualisties is sonder om hierdie absolute standpunt nader te kwalifiseer of te motiveer.

8. *Kanttekeningen bij de dusgenaamde theologie der revolutie*. Hierdie artikel wil slegs kanttekeninge en geen konstruksie of oorsig bied nie. Dit is 'n waardevolle feite-versameling uit meer as

honderd bronne veral t.o.v. Ernst Bloch wat op sy beurt invloed uitgeoefen het op Richard Shaull en Jurgen Moltmann. Die volgende aspekte van die Teologie van die rewolusie word aangeraak:

- a) God is voortdurend besig om die nuwe te skeep, om te verander.
- b) Bloch praat van 'n „Exodusgott” deur wie die uittog 'n Rebelle word; Jahwe is die bevryder van slawe.
- c) Christus is Rebel en Martelaar, nie Betaalmeester nie.
- d) Transendensie beteken dat die mens weier om die status quo te aanvaar (vgl. Herbert Marcuse se begrip „weier”).
- e) Die term Teologie van die Rewolusie word nie deur al die eksponente van daardie gedagterigting onderskryf nie, bv. J. Verkuyl wat praat van transformasie en Moltmann se teologie van die hoop.

Ds. W. slaan die spyker op die kop as hy kan toon dat hierdie teologie fundamenteel verkeerd gaan deur van sake soos sosiale verandering 'n teologiese prinsipiun te maak. Dit lei tot „anti-evangeliese nonsens” (bl. 164).

'n Leemte by hierdie aantekeninge is dat nie aangetoon word hoe hierdie denkrigting aansluit by en voortvloei uit die eksistensialisme by Heidegger e.a. nie. Die poging om te verwys na Hegel (bl. 164 v.v.) is baie onbevredigend. Wanneer K. Schilder op die verhoog gebring word om met sy „De Openbaring van Johannes en het Sosiale Leven (30 jaar gelede verskyn) i.s. Karel Marx die Teologie van die Rewolusie te woord te staan wil dit egter geforseerd klink!

I. J. van der Walt.

BOEKE VIR BESPREKING ONTVANG:

Prof. W. J. de Klerk: *Afrikanerdenke, Kontoere van 'n standpunt.* (Pro Rege-Pers Bpk., R1,95; 133 bladsye).

Dr. D. Kempff: *Rondom die Woord geskaar* (Pro Rege-Pers Bpk., R1,25, 75 bladsye).

Ds. P. J. de Bruyn en mnr. J. de Ridder: *Stel die geeste op die proef.* (Oor popmusiek en die operette „Jesus Christ Superstar”; Pro Rege-Pers Bpk., 25c, 20 bladsye).

Ds. P. J. de Bruyn: *Kuisheid voor die huwelik.* (Pro Rege-Pers Bpk., R1,25, 107 bladsye).

Dr. Adrio König: *Een wat sterker is.* (Inhoud: Die koninkryk het gekom; Die koninkryk kom; Die koninkryk sal kom. N.G. Kerk Boekhandel, Posbus 245, Pretoria. R1,65).